

KOERSVAS

Jaargang 4 Uitgawe 86 6 Mei 2016

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte

Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Oumense se resep.

Iemand vertel van sy oupa se vars blokkies-biltongbroodjie. Hy vertel iets soos die volgende: “My ouma se vars brood was werklik voortreflik. Sodra die brood uit die oond gekom het, het my oupa die korsie sommer so dik gesny. Hy het op die stoep gaan sit, dik botter opgesmeer en dan fyn gekerfde biltong oorgestrooi. Dan het hy die sny brood so met sy Joseph Rodgers in blokkies gesny. Blokkie vir blokkie het hy dan die porsies so tussen duim en voorvinger opgetel en die blokkie behaaglik in sy mond gesit en gesmul. My oupa was ’n baie mededeelsame man wat werklik die ekstra myl sou stap, maar sy botterblokkies was ons nooit beskore nie. Ek het my Ouma se broodresep en botter resep in die hande gekry. Oupa se biltongmaak-lesse was nie verniet nie. Ek het die brood laat bak, die botter laat maak, selfs die Joseph Rodgers messie gekoop. Alles is volgens geheue gesny, gesmeer en gesprinkel. Maak nie saak hoe hard ek probeer het nie, daardie blokkies het net nie so lekker gesmaak soos wat Oupa aan hulle gesmul het nie, selfs toe ek net duim en voorvinger gebruik het om die blokkie na my mond te voer.”

Die antwoord op sy onuitgesproke vraag is eintlik eenvoudig. Die vraag is natuurlik waarom hy dit nie soveel geniet het as wat sy oupa dit geniet het nie. Al het hy nooit sy oupa se broodjie self geproe nie, het sy oupa se welbehaaglike gesmul ’n diepe indruk op hom gemaak. Die antwoord op sy vraag is dat die belangrikste twee bestanddele nie in die resep genoem word nie. Persoonlike aandag en tyd is twee kosbare kommoditeite wat besig is om te verdwyn.

In vandag se wêreld van massa media en massa produksie het ons vervorm tot ’n massa-kultuur. Die era van vakmanne wat met trots produkte vervaardig het, is verby. Daar is enkele vakmanne wat wyd verspreid nog hulle vaardigheid ten toon stel in die produkte wat hulle lewer. Daardie produkte is met trots en aandag gemaak, maar jy gaan meer as ’n arm en ’n been daarvoor betaal. In ’n vorige era was mense trots op alles wat hulle gemaak het, al was dit net ’n brood wat gebak is. Ouma het met sorg die beslag gemeng, die deeg geknie en die panne voorberei. Sy het haar panne, bestanddele en oond geken.

Sy het geweet die oond is reg sonder rooi liggies wat flikker of ophou gloei, sonder termometer wat temperatuur aandui. Haar

aandag was by die brood wat sy besig was om te bak. Ons kan amper stel sy was vakman wat met trots iets van haarself gegee het in die kos wat sy voorberei het. Sy was nie besig met seekatraakvat werk (multi-tasking) nie. So terloops, al wat 'n mens kan regkry deur meer as een taak gelyktydig aan te durf, is om meer as een ding op dieselfde tyd te verbrou.

Hierdie persoonlike aandag wat sy aan haar take gegee het, van die botter karring tot die hoenders voer, het sy gedoen met haar hele wese teenwoordig.

Vandag verrig ons die takies sonder dat ons enigsins betrokke daarby is, of werklik aandag skenk. Ons doen dit meganies, haastig.

Oumense – almal van daardie goue tyd – het natuurlik meer tyd gehad. Hulle het beslis nie meer as 24 per dag gehad nie, maar hulle het tog meer tyd gehad om deeglik besig te wees met dit wat hulle aangepak het. Hulle lewens was nie gevul met die honderde mikro-takies en bekommernisse wat al ons tyd in beslag neem nie. Om 'n tafel sit en saam eet, nie voor die televisie sit en eet nie;. Die hout aanpak in die ou Dover stoof, die vuur aansteek en die vuur hout voer en voel tot hy reg is, nie die knoppie draai tot by 180 en gou wasgoed was totdat die oond reg is nie. Die koffie het op die stoof staan en prut, die ketel en kitskoffie is nie net gou aanmekaar geslaan nie.

Ons het 'n probleem. Ons bestuur ons tyd nie goed nie. Ons laat toe dat ons lewens gevul word met mikro-take wat soos seep in water skuim en al ons tyd in beslag neem.

Neem die tyd, bak die brood self, met kwaliteit meel. Fokus op daardie een taak en benader dit as 'n vakman wat trots is op die eindproduk. Daar gaan geen groot wins

wees nie. Gaan sit op die stoep, sny die brood en smul tydsaam aan hom. Jy sal verbaas wees hoe lekker dit gaan proe.

BERIGTE

• DOOPBERAAD

Die eerste teologiese slypgeleentheid van die GHG was op 27-28 April te de Wagensdrift. Die beraad was 'n groot sukses. Daar was baie gewerk, bietjie gekuier en min gerus. Teologie is duidelik almal wat teenwoordig was se passie. Daar is diepgaande oor die doop gepraat. Sekere sake het duidelik aandag nodig, maar dit sal deur die GHG gesamentlik aandag kry. Al is nie naby aan 'n formulier skryf gekom nie, het die tema van die doop as verbondsteken duidelik na vore gekom. Ds Gawie Wolmarans sal binnekort volledig verslag doen oor die beraad.

• LEWENSBROOD 2017

Aandag alle Geloofsbond predikante: Die indeling vir oordenkings vir 2017 is uitgestuur. Maak seker u het u e-pos ontvang. Administrasie beamptes word versoek om te verseker dat emeriti ook hulle werksafbakening kry.

• Gemeente Meyerspark lê weekliks besoek af by die Wilgers hospitaal. Wat besoeke bemoeilik, is dat pasiënte baie keer nie hulle kerkverband op die opname vorm invul nie. Gevolglik het die hospitaal nie 'n rekord van watter mense van die Hervormde Kerk in die hospitaal is nie. Ons wil graag almal besoek, ook lidmate van ander gemeentes. Skryf “Hervormd” of “GHG” by “Kerkverband” op die registrasie-vorm.

• GELOOFSBONDKWILT 2016

(GHG Gesamentlike fondsinsameling-projek vir Teologiese Opleiding van GHG predikante)

Tydens die Geloofsbond se Damesbyeenkoms in 2015, is daar besluit om by te dra tot die Opleidingsfonds deur 'n gesamentlike projek te loods.

As beginpunt van hierdie fonds, is 'n laslappiekomers/deken gemaak wat toe verlede jaar uitgeloot en gewen is.

Elke Bondsgemeente was 'n geleentheid gebied om blokke vir die geskiedkundige kwilt te maak. Die blokke was aangestuur en aanmeakaargewerk soos wat Bondsgemeentes deur geloof aanmeakaar gebind is.

Daar is oor 'n R30 000 ingesamel en inbetaal met hierdie poging. Nou in 2016 doen ons dit weer.

Elke gemeente hekel 4 of meer blokke in aardse kleure van presies 20 cm in omtrek.

Maak asseblief seker dat dit vir **Ina Steenkamp voor Dinsdag, 31 Mei 2016** bereik.

U kan haar telefonies of per epos kontak by **auri@mweb.co.za of 0829082831**.

Lootjielyste sal binnekort beskikbaar gestel word en kan bestel word by Ella Joubert per adres: ella@teamworkprinters.com

Die sluitingsdatum vir die ontvangs van alle blokke is 31 Mei 2016.

- Indien u graag wil help om die kwilt aanmeakaar te sit, kontak vir Yvette Otto by 0722237522.

• **GELOFSBOND OMGEE**

Jaarlikse Makwasbyeenkoms te Premiemryn in Cullinan DV op Vrydag, 10 Junie vanaf 10:00.

Die Dorkas van Premiemryn nooi alle emeriti en/ of hul gades na 'n heerlike 3-gang maaltyd met boerekos en bederf op 10 Junie 2016 vanaf 10:00.

U as leraar is ook welkom om saam te kom kuier of om 'n boodskap te stuur wat ons aan die emeriti en hul gades kan voorlees.

RSVP asseblief voor 4 Mei by **Hanlie 0824174466**.

Kommentaar:

In Koersvas 85 is berig oor die NHKA se samewerking met die NGK aan 'n projek wat die SARK se seën ontvang het. Toe was daar nie soveel klem geplaas op die wit en swart saam en die troepies van die 70er en 80er jare wat na Soweto moet gaan nie. Beeld van 4 Mei 2016 het hierdie verleentheid vir NHKA lidmate en ampsdraers uitgelig. **WIT EN SWART BYEEN: Kerke vat oud-troepe na Soweto; 'Die Diensplig-generasie en die 16 Junie generasie moet versoen'** In die berig word die NHKA ook by name genoem. Die GHG sal volstaan met die verlede in vrede laat, net Volkskerk bly en net 16 Desember as Geloftedag vier.

KENNISGEWINGS

Advertensies

Lidmate wat belangstel om meer te wete te kom oor die Calvinistiese alliansie en in die besonder gedagtes oor weerbaarheid, kan gerus die skakel hier onder opvolg: https://www.facebook.com/steedshervormers/posts/990507434364632?notif_t=page_wall

Neem asseblief kennis van die advertensies wat ingesluit is.

- Oornag fasiliteite by Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of auri@mweb.co.za.

- Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.

<http://www.geloofsbond.org.za/>

Drukwerk

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorieboeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com



KOM GENIET 'N RUSTIGE
AAND SAAM MET
PIETER KOEN

VENUE: Ouditorium

(Hervormde Kerk Rustenburg JHB pad)

DATUM: 27 Mei 2016

TYD: 19:00

KOSTES: R70 p.persoon

Kaartjies beskikbaar by Pen & Ink
Suria of Mari

Snoepie beskikbaar

Navrae: Suria 073 807 1090

Mari 084 208 7445